*Donderdag* **6 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 5:2 – 2 Kronieke 6:2**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 5:2 – 2 Kronieke 6:2**
**Loof die Here vir sy ewige goedheid**

Die ingebruikneming van die tempel in Jerusalem was vir Salomo en die volk 'n geleentheid van groot opgewondenheid en dankbaarheid. Ná sewe jaar se beplanning en harde werk het die groot dag uiteindelik aangebreek. Wat 'n aangrypende geleentheid was dit nie. Die verbondsark gaan die tempel binne en dan laat die trompetblasers en die sangers 'n magtige loflied tot eer van Jahwe, die HERE opklink. Aangrypend in eenvoud en gewydheid. Dit is hulle taak om God te prys en te dank, omdat Hy goed is, en sy liefde is vir ewig. Hulle sing van HESED, wat ons vertaal met verbondsliefde en getrouheid. Dit word herhaal in hoofstukke 7:3, 20: 21 asook Psalm 136.

God kom woon by sy mense te midde van offers en aanbidding. Die verband tussen die offer en God se inwoning kom weer na vore in hoofstuk 7, waar ons lees: *"… die vuur uit die hemel (het) neergedaal en die brandoffer en die slagoffers verteer, en die heerlikheid van die HERE het die huis vervul."*

Is dit nie 'n wonderlike prentjie van die evangelie nie? Ons Here Jesus Christus het opgevaar na die hemelse tempel, waarvan hierdie tempel maar net 'n skaduwee is! Deur die offer van sy bloed! Bloed, oneindig meer waardevol as die bloed van diere. Hebreërs sê dat die bloed van stiere en bokke nooit genoeg was om mense te heilig nie. Maar Hy was waardig, oneindig waardig. Die HERE het Hom aan die kruis verteer, en sy offer was aanvaarbaar, sodat God weer by sy mense kon woon.

Ons sing van die Here wat trou is in die opwekking van sy Seun. Wat was die reaksie toe Hy opgevaar het? Lofsange soos dié van die tempelsangers, so sing die kerk in Openbaring toe die Lam wat geslag is, die troon bestyg. En wat het gebeur nadat Hy opgevaar het? Hy kom woon in ons harte om ons tempels van lof en dank te maak deur die Heilige Gees. Daarom kan die lof van ons mond en hart nooit stil word nie. So goed is die Here dat Hy jou verlossing voltooi in die ewige heerlikheid wat vir jou wag. Sing Psalm 136 elke dag van jou lewe: Loof die Here, want Hy is goed.

*Sing: Psalm 136-1:1*
*Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)*